## Luiperds Kampnuus:

**Bloekompoort**
**Senior Burger Saamtrek—AJV**
05-06 Augustus 2015

Woensdagoggend arriveer die eerste van die beplande vier Senior Burger Sawanante en twee gaste te Bloekompoort vakansie oord naby Vereeniging onder leiding van Phillip en Ans Opperman, Luiperds se eie senior burger verteenwoordiger vir die Algemene Jaar Vergadering van Sawa Streek Luiperds.

Daar word vinnig opgeslaan en verder lekker saam met Suikerbosrand se senior burgers onder die bome gekuier. Teen 17:00 die middag het die twee gaste (Bennie en Annalene van Niekerk van Kimberley en Frans en Elsabe Groenewald van Carnavon) ook geariveer waarna hulle hulself vinnig ingeburger het om net lui lekker verder te kuier na 'n lang dag se ry vanuit die Noord Kaap.

Na boekevat die aand het elkeen maar sy eie ding gedoen waarna daar vroeg ingekruip is as gevolg van die koue.

Donderdagoggend nadat almal ontdooi en uit die vere gekruip het, het elkeen maar op sy eie tyd ontbyt genuttig waarna 'n paar eers terug gery het dorp toe vir inkopies. Die res van die geselskap het maar lui lekker al met die son saam om en onder die bome gekuier. Later die aand is daar na boekevat lekker gesmul aan die pap en wors wat deur die oord voorsien is, waarna elkeen maar weer sy eie ding gedoen het voordat die kooi opsoek is.

Vrydagoggend het die meeste self weer op hulle eie ontbyt genuttig terwyl daar vir die aankoms van die res van die naweek se kamplede gewag is. Dit was weereens 'n lekker "kuier" naweek en dankie aan almal wat die kamp kon mee maak.

Jammer aan die gene wat dit nie kon maak nie, ons probeer weer 'n volgende keer. Die res van die naweek is daar AJV gehou en maar net lekker om die vure gekuier en glo my die Boeremusiek gulde van Saterdag was beslis 'n belewenis.

Senior Burger kampgroete
Phillip en Ans Opperman



Phillip Opperman Senior Burger Verteenwoordiger saam met 2014/2015 bestuurslede



Bennie en Annalene van Niekerk en Frans en Elsabe Groenewald, ons gaste vir die naweek